KONFERENSIE

KERKWEES 200: VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS

UITNODIGING TOT AKADEMIESE BYDRAES

DATUM: 5 & 6 NOVEMBER 2024

PLEK: NHKA PRETORIA-OOS, DELYWEG, WATERKLOOFPARK

UITNODIGING

Geagte Kollega

Die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria nooi u uit om ‘n voorstel in te dien vir ‘n akademiese bydrae tydens ‘n konferensie wat op 5 & 6 November 2024 in Pretoria plaasvind. Die konferensie is deel van die landswye en ekumeniese herdenking van die eerste Algemene Kerkvergadering wat 200 jaar gelede, vanaf 2 November 1824, in Kaapstad sitting geneem het.

AGTERGROND VAN DIE KONFERENSIE TEMA

Die AKV van1824 was die eerste sinodale vergadering in die geskiedenis van Suid-Afrika. Tydens die AKV van 1824 is ‘n kerklike reglement opgestel, met die titel *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk, in Zuid-Afrika, ontworpen in de Algemene Kerkvergadering, gehouden binnen de Kaapstad, op den 2 November, en volgende dagen van het jaar 1824.* Dit is belangrik dat kerke en akademici hierdie belangrike gebeure in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis herdenk. Daarom word die bogenoemde konferensie beplan met die drie afdelings (kerkhistories, kerkordelik en metodologies) wat handel oor ‘n sentrale tema, te wete:

Departement Sistematiese en Historiese Teologie
Universiteit van Pretoria
Epos adres: kerkwees200@gmail.com

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

KERKWEES 200: VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS

Sprekers sluit in akademici van SA en Nederland. Ons wil akademici uitnooi om vanuit verskillende perspektiewe saam te dink en te praat oor rol van die kerk in Suid-Afrika. Oor ‘n tydperk van twee eeue het al die kerke in Suid-Afrika ‘n baie belangrike rol gespeel in die religieuse sowel as publieke domein. Uiteraard fokus hierdie konferensie op die geskiedenis en vestiging van kerke met hulle wortels in die Nederlands-gereformeerde tradisie. Referate moet dus verband hou met die 1824 gebeure.

AFDELING 1: KERKGESKIEDENIS

Die volgende sub-temas kan oorweeg word:

- Die historiese verband tussen die Nederlandse en Kaapse gemeentes
- Kerklike omstandighede aan die Kaap voor en na 1824
- Die taalkwessie, met besondere verwysing na Nederduits
- Sending, slawe en die uitbreiding van die kerk.

AFDELING 2: KERKREG

Die volgende sub-temas kan oorweeg word:

- Vergelykende studie van kerklike reglemente (De Mist 1804; Algemeen Reglement 1816; Algemeen Reglement 1924; Ord. No. 7 1843)
- Die invloed van kollegiale kerkreg – verlede, hede en toekoms
- Kerkverband – verlede, hede toekoms
- Die rol van die owerheid in die vestiging van die kerk in die 19de eeu.

AFDELING 3: METODOLOGIE

Die volgende sub-temas kan oorweeg word:

- Ekklesiologie, kerkbegrip en kerkorde – verlede, hede, toekoms
- Wat is Historiese Teologie?

- Metateoretiese vertrekpunte in Historiese Teologie.

TYDLYN

- 31 Augustus 2024: Abstrak word ingedien
- 30 September 2024: Finale program word uitgestuur
- Konferensie: 5 & 6 November 2024
- Stigtingsvergadering Werkgemeenskap Historiese Teologie: 6 November
- 31 Januarie 2024: Volledige teks word ingedien vir publikasie

ADMINISTRATIEWE EN LOGISTIEKE ASPEKTE

- Die konferensie sal bestaan uit akademiese referate.
- ‘n Volledige program sal op ‘n later stadium aan deelnemers gestuur word.
- Die konferensie sal oop wees vir die publiek.
- Referate moet/kan beskikbaar gestel word vir publikasie.
- Voorstelle kan in enige taal ingedien word, alhoewel die konferensie in Afrikaans gaan plaasvind.
- Kostes ten opsigte van vervoer en verblyf word deur deelnemers uit eie fondse bekostig.
- Die konferensiefooi beloop R 600.00 en sluit verversings en ‘n onthaal in. Persone wat ‘n faktuur benodig met bankbesonderhede moet ‘n epos na die komitee se sekretaris (Jacques Heymans) stuur.
- Stuur die titel van u voorstel en abstrak van 250-300 woorde, met persoonlike kontak besonderhede na kerkwees200@gmail.com

Vir enige verdere navrae kontak gerus die volgende persone:

Prof J. van der Merwe (voorsitter)

johan.vdmerwe@up.ac.za

Dr. A. Janse van Rensburg (ondervoorsitter)

antoejvr@gmail.com

Mnr. J. Heymans (sekretaris)

kerkwees200@gmail.com